DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. WOENSDAG 18 APRIL, 1956. NR. 3.


# DIE A.S.B. GAAN VAN KRAG TOT KRAG

**Gedurende die Agste Jaarkongres van die Afrikaanse Studentebond het die snelle vordering van die Afrikaanse student weereens duidelik aan die lig gekom. Op hierdie kongres, gehou van 2 tot 6 April te Bloemfontein, het die A.S.B. getoon dat die Afrikaanse student bewus is van dreigende gevare en in staat is om sodanige gevare die hoof te bied.**

### KONSOLIDERING.

'n Saak wat veral die aandag geniet het, was die konsolidering van die A.S.B. as verteenwoordigende studenteliggaam van Suid-Afrika op die Internasionale Studente Konferensie. Na 'n lewendige bespreking was hierdie kwessie, is daar op voorstel van mnr. Tjaart van der Walt besluit om drie studente van België, Holland en Duitsland uit te nooi na Suid-Afrika. Hierdie drie studente sal dan in die geleentheid gestel word om hulleself op hoogte te stel met die ware toedrag van sake alhier. Sodoende sal wanindrukke wat daar in die buiteland mag bestaan, uit die weg geruim word en toetrede tot die Internasionale Studente Konferensie vergemaklik word. Voorwaar, 'n lofwaardige besluit!

### AFRIKANERDOM.

**Die kongres het hom sterk uitgespreek teen ondermynende invloede soos liberalisme, kommunisme, jingoïsme en in 'n sekere sin Rooms-Katolisisme.** Die gevare wat hierdie rigtings en ook N.U.S.A.S. inhou is sterk beklemtoon. Alle besprekings het duidelik getoon dat die A.S.B. terdeë bewus is van die gevare wat genoemde rigtings inhou, en van die noodsaaklikheid van die handhawing van die Afrikanerdom as 'n geheel.

### RASSE AANGELEENTHEDE.

Mnr. J. D. van der Vyver, onderpresident van die A.S.B.-Hoofbestuur, het 'n lywige verslag gelewer oor ons rassevraagstuk wat getuig van insig, studie en harde werk. Hy het veral klem gelê op die noodsaaklikheid en voordeligheid van kontak met goedgesinde nie-blankes in die nabye toekoms.



**Mnr. Johan v.d. Vyver wat vir die tweede agtereenvolgende jaar verkies is tot onder President van die A.S.B.-Hoofbestuur**

### AKADEMIESE VRYHEID.

Ten opsigte van hierdie saak het die P.U. vir C.H.O. weer eens 'n baie sterk houding ingeneem en sy Calvinistiese beginsels helder en duidelik laat opklink. Die steun wat van ander inrigtings ontvang is in hierdie saak was verblydend.

### REPUBLIEK.

Nadat die tema van die kongres, naamlik „Die Republikeinse Staatsvorm", op 'n uiters bekwame en interessante wyse toegelig is deur Prof. Verloren van Themaat van U.P. in sy openingsrede, kon die referente met groot sukses 'n geheelbeeld van die Republikeinse Staatsvorm aan die kongres gee. Dit is voorwaar verblydend dat die kongres nie hierby volstaan het nie, maar verder gegaan het en 'n kommissie gekies het, om in te gaan op die breë grondslae waarop 'n ideale Republiek gebou kan word.

### KORRELS EN KAF.

Die kongres was gelukkig om die skitterende opvoering van die A.S.B. Konsertgroep wat soveel lof vir die A.S.B. en Suid-Afrika in die buiteland ingeoes het, te kon bywoon.

Ons dank en gelukwense gaan aan die P.U.-Afvaardiging wat onder die bekwame leierskap van mnr. W. F. Steenkamp ons tak met groot sukses op hierdie kongres verteenwoordig het.

Na verneem word het die Pukke ook presteer op ander gebiede gedurende hierdie kongres. Mnr. J. D. van der Vyver het die heerlike voorreg van 'n fiktiewe verlowing gesmaak. Mnr. Tjaart van der Walt het waardevolle dienste gelewer as Direkteur van Hu-

### DIE KONGRES SPREEK.

welsaangeleenthede. In hierdie hoedanigheid kon hy sy vaderlike aanleg met betrekking tot eerstejaardames nuttig gebruik. Mnr. Dirk Postma het met bomenslike inspanning daarin geslaag om die versoeking van die nasionale pad na Oos-Londen te weerstaan.

**Aan mnr. Tjaart van der Walt wil die Redaksie van DIE WAPAD sy hartlike gelukwensinge oorbring met sy verkiesing op die Hoofbestuur van die A.S.B. asook aan mnr. Johan van der Vyver wat vir die tweede agtereenvolgende keer verkies is as visepresident van die Hoofbestuur.**

Mag hierdie kongres ons oë weer wyd oopmaak vir die gevare wat ons bedreig en ons inspireer tot daadwerklike optrede — **Eenheid — Krag — Oorwinning.**

# P.U. kry Duitse boeke.

By geleentheid van 'n byeenkoms in die biblioteekgebou onlangs wat deur die rektor, personeellede en studente bygewoon is, is 'n waardevolle versameling Duitse boeke oor die Duitse letterkunde aan die P.U. oorhandig deur dr. T. J. Theusner, konsul van die Republiek Wes-Duitsland.

Namens hul onderskeie departemente het prof. H. G. Schulze, hoof van die departement Duits, en prof. J. H. Coetzee, hoof van die departement Volkekunde, hulle opregte dank en waardering teenoor dr. Theusner uitgespreek. Die rektor, prof J. Chris Coetzee, het die geskenk 'n tasbare bewys genoem van die goeie kulturele- en handelsbetrekkinge wat daar tussen Suid-Afrika en Wes-Duitsland bestaan.

Prof. Schulze het in sy bedankingsrede Duits gebesig en veral na twee datums verwys, naamlik 1939 en 1949. In 1939 is betrekkinge tussen Suid-Afrika en Duitsland verbreek deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, en in 1949 het 'n verwoestende brand in die ou biblioteek van die P.U. gewoed en onder meer boeke ter waarde van duisende ponde vernietig. Prof. J. H. Coetzee het vervolgens die woord gevoer en gesê dat die boeke oor Volkekunde 'n groot aanwins vir die boekery van die jong departement is.

**J. HEIDEMA**

Vir

FIETSE,

TIKMASJIENE

en

MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

---

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE**

**TING-A-LING**

**PEP-A-DILLA**

**TOP HAT**

SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

---



# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20
FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in **al vier die provinsies,** kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

---

REDAKSIE

E. J. Smit (Hoofred.), C. D. Roode (Asst.-hoofred. en Kuns), P. J S. de Klerk D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf).

ADMINISTRASIE

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

---

**HAROLD'S**

**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**

Kerkstraat 166 — Telefoon 1293

Potchefstroom.

●

Voorraadhouers van alle

**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

---

**DIE BULT SKAATSBAAN**

„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"

Oop vanaf 7.30 in die aand

---

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Kerkstraat 91,

POTCHEFSTROOM.

SPESIALE

AFSLAG AAN

STUDENTE.

---

**CORNER FRUIT STORE**

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS.
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS

VRUGTE en GROENTE.

Bekend vanweë sy UITSTEKENDE DIENS!!

---

**A. T. LUKE & KIE.**

**APTEKERS**

Vir al u . . .

- Mediese en skoonheidsbenodigdhede
- Grammofoonplate,
- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

---

Bus 206 Tel. 164 & 1167

H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat

**CENTRAL CASH STORE**

POTCHEFSTROOM

Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.

ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

---

**MALAN MEUBILEERDERS**

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

●

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

Die Wapad
WOENSDAG 18 APRIL, 1956.
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# DIE A.S.B. = 'N KRAG

As 'n oorbekende Johannesburgse oggendblad inkkolle soos **„the outlook of the Studentebónd is sheer arrogance"** en **„they surely run the risk of being told to mind their own business"** in sy hoofartikel-kolomme laat verskyn, kan 'n mens moeilik jou weerhou om met Vergilius uit te roep: **Macte nova virtute, puer; sic itur ad astra!** — oftewel, in gewone Afrikaans: **Kolskoot, Boere; nou begin die vonke spat!**

Want dat die krag wat van die Afrikaanse Studentebond kan en moet uitgaan, nou uiteindelik ook in minder simpatieke kringe besef word, is duidelik. En om deur hierdie kringe uitgekryt te word, is voorwaar veel voortrefliker as om lof en prys uit hierdie oorde te ontvang.

Naas hierdie benoude proteste het die pers — wat deurgaans meer as ooit tevore aandag aan die A.S.B.-kongres geskenk het — egter ook met waardering van die verrigtinge in Bloemfontein ken nis geneem. So spreek 'n ander Johannesburgse oggendblad van **„die jongste kongres van die Afrikaanse Studentebond in Bloemfontein, waar nie alleen uiting gegee is aan daadlus, geesdrif en idealisme nie, maar ook 'n ruime blik gewerp is oor verskeie aangeleenthede van landsbelang".**

## VOORWAARTS, JONG SUID-AFRIKA!

Maar wat nou van die P.U. vir C.H.O. en die A.S.B.?

**Ons wil voorspel dat die vraag: „Het Potchefstroom nog plek binne die A.S.B.?" steeds dringender in die toekoms gaan word.** So skryf die leier van die P.U.-afvaardiging na afloop van die Sewende Bondskongres (hoofartikel WAPAD 27-4-55).

Die Agste Bondskongres het die profetiese gawe wat agter hierdie voorspelling skuil, op ondubbelsinnige wyse na vore laat kom. Want intussen het die skamele vraagteken 'n uitroepteken geword.

Maar meer as ooit tevore is ook die antwoord op hierdie dringende vraag duidelik. Dit kan net wees: **JA.**

**JA** in die eerste plek omdat die P.U. vir C.H.O. die A.S.B. nodig het. Veral in die afgelope jaar het die Afrikaanse Studentebond pragtige werk gedoen. Die Afrikaner met sy isolasie-manie is ook in studentegeledere besig om uit sy dop te kruip. Die oorsese konserttoer van twee-en-twintig jong Afrikaner-studente is 'n prestasie sonder weerga. En dat die nuwe jaar veel belofte inhou, getuig die afgelope Kongres terdeë: want hier is die hand van vriendskap aan regdenkende mede-studente aan die vier universiteite wat nog met N.U.S.A.S. opgeskeep sit, uitgereik; hier is weereens positiewe stappe geneem om nader met die nie-blanke kennis te maak en hom te oortuig van die opregtheid van ons bedoelings en die billikheid van ons saak; hier is die skouer aan die wiel gesit om dit wat eie aan die Afrikaner is, kragdadiglik uit te bou en direk teen al wat Liberaal, Kommunisties of Jingoïsties is, te velde te trek.

Maar dan tweedens ook **JA** omdat die A.S.B. die P.U. vir C.H.O. nodig het. In sekere opsigte het die barste en krake wat maar altyd in die A.S.B. was, onheilspellend groter geword. Nuwe gevaartekens — soos byvoorbeeld sekere uitlatings in die debat oor akademiese vryheid — het een na die ander na vore gekom. En onder hierdie omstandighede mag die P.U. vir C.H.O. nie van sy pos wyk nie: om die Calvinistiese beginsels — wat tog eie is aan die Boerevolk — steeds te laat deursuur, ook in die A.S.B..

**„Dit bly van beslissende belang dat die Afrikaanse studente 'n helder geluid laat hoor."**

Wat vir die A.S.B. in die algemeen geld, geld in 'n dubbele mate vir die P.U. vir C.H.O. op die A.S.B.

**Want dan, en dan alleen, het Potchefstroom nog plek — en taak en roeping — binne die A.S.B.. Anders kan die vraag: „Het Potchefstroom nog plek binne die A.S.B.?" al te maklik word: „Het die A.S.B. nog plek vir Potchefstroom?"**

„Eenheid, Krag, Oorwinning." Dit is die leuse van die Afrikaanse Studentebond.

## Oordenking

# 'N TROOSRYKE BELOFTE

**Matt. 28:20: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."**

Hierdie woorde kom van Jesus Christus, die Oorwinnaar van die dood, na sy opstanding en kort voor sy hemelvaart.

Ons kan dit saamvat as 'n **afskeidsbelofte van Jesus Christus**, wat weggegaan het, nogtans by ons is en wat weer sal kom.

Hier op die berg in die landstreek van Galilea neem Jesus afskeid. Binnekort sal Hy na sy Vader gaan vanaf die Olyfberg in Judea. In die ore van sy dissipels klink nog die woorde: „aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." En die opdrag: „Gaan dan heen, maak dissipels . . . " is in hulle gedagte. Hier is afskeidsweemoed, want waarom moet Christus dan weggaan? Sou die verbreiding van die Evangelie en die organisasie van die Kerk nie beter tot verwerkliking kom as hy bly nie? Maar Jesus het self gesê: „Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan." Ja, die wat bedroef is, het alle rede tot blydskap. Jesus het gegaan om vir ons 'n plek te berei. En waar Hy nou sit aan die regterhand van God, kan Hy ten volle intree vir ons.

En hoe heerlik is dié gedagte nie! Jesus het weggegaan. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie. Tog sal Hy na sy Godheid, majesteit, genade en Gees nimmermeer van ons wyk nie. Hy is met ons al die dae . . . Ja, die skeidende Christus bly met ons. Dit is ons troos. Hierdie belofte: „Kyk, Ek is met julle", het die apostels laat volhard in hulle arbeid. Dit het hulle oorvloedig gemaak in die werk wat Christus aan hulle opgedra het. 'n Ontsettend moeilike taak is aan hulle opgedra, maar direk daarna volg dié troosryke belofte. Dit het krag gegee in swakheid. Die Here is met ons! In angs en benouing, selfs toe hulle die dood in die aangesig moes staar, was dit 'n krag en troos. Die belofte en die herinnering daaraan was vir die apostels 'n versterking waar hulle gestaan het voor 'n vyandige Jodedom en 'n magtige heidendom.

So ook dien dit ons tot troos en tot versterking. Dit moet in ons die krag laat opbruis om in hierdie wêreld vas te staan, onwankelbaar as getuies van sy Woord. Ook in die studentelewe, in arbeid en pret, moet dit gedurig by ons bly:

„Ek is met julle!"

Ja, elke dag, elke moment is Christus met ons in die Gees. „Al die dae . . ." Selfs dae waarop ons mismoedig voel, dae van teenspoed, smart, rou. Ja, al dié dae is en bly Christus met ons. Dit moes sy dissipels dikwels ervaar, somtyds tot beskaming. En dit moet ons ook ervaar.

Christus is met ons!.

En Hy is met ons tot die voleinding van die wêreld!. Dit is ook deel van die belofte. Daar sal 'n voleinding wees. Daar sal 'n dag wees waarop Christus weer sal kom. Hy het self geprofeteer: „En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid". Christus sal kom om sy werk te voleindig!

In die afskeidswoorde van Christus lê 'n ryke gedagte met betrekking tot die toekoms: Christus spreek nie van die einde van die wêreld nie, maar van die **voleinding.** Dit toon dat die wêreld 'n bestemming het. Ja, deur die verwarring, deur die chaos wat ons so dikwels ervaar in die wêreld, gaan dit sy bestemming tegemoet. Deur die verskriklike verskyning van die Antichris sal daar 'n nuwe periode tot verwerkliking kom, maar Christus sal triomfeer wanneer die hemele geopen word en hy op die wolke sal verskyn, beklee met mag en heerlikheid!

'n Koms in heerlikheid!

Nie 'n koms soos die eerste waarin hy verag is en van die mense verlaat nie. Hy sal kom, en die mens sal hom nie voor sy majesteit kan verberg nie.

Hy sal kom as die oorwinnaar!

Ook dit is inbegrepe in hierdie belofte van Jesus Christus . . . 'n ryke toekomsverwagting! En mag dit vir ons 'n vreugdevolle vooruitsig wees. Laat dit ons altyd bybly, en mag ons lewe waarlik toon dat ons in en met Christus lewe, wat al die dae by en met ons is tot aan die voleinding van die wêreld!

**J. H. van der Walt.**

1955 was vir die A.S.B. die jaar van **eenheid.** Want toe is vir die eerste keer in die geskiedenis van ons land die studente aan alle Afrikaanse hoër onderwysinrigtings in een magtige eenheidsorganisasie saamgesnoer.

1956 was vir die A.S.B. die jaar van **krag.** Want toe is vir die eerste keer in die geskiedenis van ons land die aandag van die buitewêreld gedurig op hierdie eenheidsorganisasie.

Mag 1957 vir die A.S.B. die jaar van **oorwinning** wees.

..........**En mag die P.U. vir C.H.O. kragdadiglik meewerk aan hierdie oorwinning!**

T. v.d. W.

**BLITZ!...**
DROOGSKOONMAKERS
Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

★

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL
vir alle
SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 111 — Potchefstroom.
„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

**TURKSTRA BAKKERY**
Raadpleeg ons vir . . .
• BRUIDSKOEKE,
• BROOD
en
• ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . !

**JAY'S GARAGE**
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
• MASSEY-HARRIS TREKKERS
• PLAASGEREEDSKAP,
• PLANTERS en STROPERS,
• S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 20,
VIR ALLE
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
SIGARETTE, ens.

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 13
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

**S. A. N. L. A. M.**
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

**Studente . . . !!**
Vir al u
• Handboeke,
• Skryfbenodigdhede,
• Leertasse,
• Geskenke, ens.!
BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 90 — Telefoon 497

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
**FIETS aan te skaf.**
**C. V.D. MERWE**
FIETSHANDELAAR
Kerkstraat 92, Potchefstroom

MNR. J. S. DU PLESSIS,
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 — Telefoon 897
POTCHEFSTROOM.

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• OOGKUNDIGE.
• Brilspesialiteit.
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

BESOEK—
**HARRY JEDEIKIN**
VIR
BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.
TEVREDENHEID GEWAARBORG
Foon 639 115 Kerkstraat

**EXCELSIOR MEUBELS**
Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743
„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.
ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

# Van Studenteraadswee

'n Mens kan moeilik iemand welkom heet wat feitlik nie weg was nie. Na die kort kortvakansie dus net formaliteitsonthalwe: welkom! — maar uit die hart: hoop die ruskansie het u goed gedoen; en alle sterkte met die lang opdraende wat voorlê. Dis per slot van rekening nie die afdraendes wat na die hoogtes voer nie.

**ONS VOEL SAAM.**

Ons voel saam met Hannes van der Walt wat op 24 Maart sy broer verloor het. Maar ons weet ook dat dieselfde God wat geslaan het, ook sal troos. Mag jy en jou naasbestaandes veral in hierdie moeilike dae die rykdom van krag uit die hoogte ervaar, Hannes!

**KOM EN GAAN.**

H. C. (Spantou) Swanepoel, hulppenningmeester van die Studenteraad, het sy skrede na Klerksdorp gewend om daar sy lewenspotjie te probeer krap. In sy plek is H. L. M. (Hendrik) Erasmus benoem. Sterkte met hierdie verantwoordelike werk Hendrik!

Dan is 'n ou strydros, ene F. J. Labuschagne, ook deur die skrikwekkende glure van die akademie gedwing om sy aandag voortaan meer by die boeke te bepaal. Baie dankie vir jou jarelange toegewyde arbeid in die studentelewe — en aan die Studentehandboek, Lappies! Jy het waardige spore vir Peet Smit, die nuwe Korpsvoorsitter, en Paul du Bruyn, die nuweling op die Studenteraad getrap. Aan Peet en Paul dan: plaas julle newwies suiwer in Lappies se tekkiespore: ons verwag groot dinge van julle!

En dan is daar nog 'n ander seksie wat gekom en gegaan het. Aan ons voetbal-toerspan ons hartlikste gelukwensinge met die lofwaardige wyse waarop hulle doellyn toe gekom en gegaan het — op die voetbalveld sowel as daarneffens.

Ook aan Ons Huis, wat nou al vyf-en-twintig jaar lank kom, vyf-en-twintig gelukwense. Mag u nog baie jare kom — en nooit gaan nie.

**KLEURE.**

U is seker almal bewus dat, danksy die pragtige werk van die Studenteraad van 1955, ons kleurbaadjies voortaan van veel beter materiaal vervaardig gaan word. Ongelukkig kan die fabriek die nuwe besending eers oor 'n maand of twee lewer. Gevolglik sal vele van u intervarsity sonder 'n kleurbaadjie tegemoet moet gaan.

Om hierdie onvermydelike toestand ietwat te probeer verlig, het die Studenteraad langduriglik met die Eerste Suid-Afrikaanse Handskoenfabriek van Johannesburg onderhandel. Hierdie firma sal nou met die oog op intervarsity „toeskouers-apparaat" in ons kleure kan verskaf, en wel die volgende:

rosette teen 1/- stuk
barets teen 3/3 stuk
kwartierpette teen 3/6 stuk.

Voorbeelde is te besigtig by Spekkie van der Westhuizen en die Studenteraadskantoor waar u ook u bestellings —en u kontant met u bestellings — kan plaas. Roer asseblief vroegtydig om die fabriek die geleentheid te gee om u bestelling nog voor 12 Mei af te lewer.

**INTERVARSITY EN VREUGDEDAG.**

So van 12 Mei gepraat: as alles goed gaan, ruk 'n hele trein vol Pukke (wat elk so om-en-by £1-14-3 in Oom Ben Schoeman se sak laat beland het) hier teen die aand van Vrydag 11 Mei op om die grootste kattejag van die afgelope eeu in Bloemfontein se geweste van stapel te stuur.

Maar intussen is daar nog Vreugdedag. Op Vrydag 27 April gaan 'n groepie Pukke Parys deeglik deurdraf. En op Saterdag 28 April sal Potchefstroom sy dinge moet ken. Ons reken op julle steun, Pukke!

**METAALWAPENTJIE.**

Pogings is aangewend om die P.U. lapelwapentjie — wat darem buitensporig duur is — teen 'n radikaal verminderde prys op die mark te bring. Niks kan egter gedoen word totdat die huidige voorraad uit Oom Pan Coetzee se laaie verdwyn het nie. Dink aan die nageslag, Pukke — en koop.

Die moontlikheid om bv. teelepeltjies met P.U.-wapentjies en al te laat vervaardig, is ook ondersoek. Ook dit sal egter voorlopig tot 'n latere datum moet oorstaan.

**EERSTEJAARSBYEENKOMS.**

Op Woensdagaand 25 April wil die Studenteraad al wat eerstejaar is, om 6.45 nm. in die Studentesaal ontmoet. Alle eerstejaars, hoe senior of sketerig ookal, moet teenwoordig wees. Strenge kontrole sal by hierdie geleentheid uitgeoefen word.

**DATUMS.**

Elders in hierdie uitgawe vind u 'n opgawe van die datums wat aan 'n paar van die vernaamste verenigings toegestaan is.



## VAN DIE REDAKSIE

Reitzstraat 41,
Potchefstroom.
18 April.

Geagte Pukke,

Ons is alweer vol in die tuig na die vakansie. Ons hoop dat die vakansie vir u ook sterkend was en dat die moed nie ontbreek om weer volstoom met die arbeid voort te gaan nie.

Ons hartlike gelukwensinge gaan aan die afvaardiging na die A.S.B.-kongres wat weer gewys het van watter stoffasie hulle gemaak is. Ook aan die rugbyspan wat in Oos-Transvaal gaan toer het, ons hartlike gelukwensing. Na ons verneem het hulle die ooste so op horings gehad dat daar byna nie genoeg staanplek om die velde was waar hulle gespeel het nie. Al is dit miskien nie so erg nie, weet ons tog dat die publiek baie van hulle spel gehou het en dat die naam van ons Alma Mater in daardie geweste weergalm het.

Alle sterkte, Pukke, vir die lang kwartaal wat weer voorlê en laat Die Wapad te midde van al u werksaamhede maar sy ou plekkie in u harte behou.

E. J. Smit (Hoofred.)

---

Die Studenteraad het 'n tweemanskomitee benoem om die verdere datumreëling te behartig. Skakel dus gerus met Peet Smit of Vos Venter as u datum-probleme het.

**A.S.B.-KONGRES.**

Die Afrikaanse Studentebond gaan steeds van krag tot krag. Daarvan is die Agste Bondskongres wat van 2 tot 5 April in Bloemfontein gehou is, 'n klinkklare bewys. Aan diegene wat die P.U. vir C.H.O. op hierdie kongres verteenwoordig het — en veral aan mnr. W. F. Steenkamp, leier van die P.U.-afvaardiging — ons hartlike dank. En aan hulle wat tot verdere diens in hierdie verband geroep is: hou ook daar die naam van ons Alma Mater hoog.

**Want dit is die plig wat onophoudelik op elkeen van ons rus. Laat ons dit dan met ons hele hart en siel en kragte uitvoer!**

T. v.d. W.

**I. GLASER**
OMEGA en TISSOT HORLOSIES
JUWELIER
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 70 — Telefoon 31.
POTCHEFSTROOM.

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**PRESIDENT CAFE**
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS.

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

## BRIEWEBUS

# Skaf ONTGROENING af.

Molenstraat 6,
Potchefstroom.
28 Maart 1956.

Die Hoofredakteur,
„DIE WAPAD",
P.U. vir C.H.O.
Geagte Heer,

Na my mening is die tyd ryp om ook aan ons Alma Mater aandag te skenk aan 'n saak wat na die Kleurvraagstuk seker die afgelope tydjie die drukste in ons ou landjie bespreek is. Hierdie is die kwessie wat by ons meer die stempel van 'n bietjie „sports" dra as van die netelige saak wat dit in werklikheid is, naamlik ontgroening.

Die gebeure aan 'n ander Afrikaanse Universiteit in verband met hierdie saak het soveel opspraak verwek, dat 'n mens die menings van byna almal wat iets daaroor op die hart gehad het al tot vervelens toe aangehoor het. Die Anti-Ontgroeners skryf roerende en soms so effens histeriese briewe aan die koerante om te vertel hoedat die arme bloedjies afgeknou en verdruk word, terwyl die Pro-Ontgroeners ewe heftig verklaar dat die hele proses geheel en al onthef is van enige motief anders as om die eerstejaars toe te rus vir hulle verdere lewe. Of 'n mens waarde kan heg aan al die argumente van enigeen van hierdie tipes, laat ek aan die oordeel van enige normale persoon oor.

Daar steek egter iets van die waarheid in die argumentasie van albei van hierdie groepe. Die ontgroeningsproses help ongetwyfeld mee om 'n gevoel van kameraadskap onder die broeders in die verdrukking te smee, maar of dit meehelp om van die ou wat jou in die ontgroening so erg laat les opsê het, 'n goeie vriend te maak, is 'n ope vraag. 'n Voordeel van die ontgroening is ook dat dit meehelp om ontslae te raak van die gevoel van belangrikheid wat hom maar alte dikwels baas maak van die matrikulant.

Maar die hele stelsel van ontgroening en eerstejaars het ook 'n uitwerking op die algemene gees van die hele universiteit. En hierdie uitwerking is nie altyd tot voordeel van die studentegees nie. Wanneer Intervarsity nader, word die eerstejaars verplig om te gaan; wanneer krieket gespeel moet word, is dit die eerstejaars wat moet sorgdra dat die toerusting op die veld moet kom en weer gebêre moet word; as jool gehou moet word, moet die eerstejaars die spit afbyt en alle eerstejaars moet elke programaand van Korps bywoon. (Hierdie voorbeelde is sommer geneem soos hulle by my opkom en kan net sowel van toepassing wees op enige ander liggaam en klub aan die P.U.) Dit dien dus om duidelik te illustreer dat as daar iets op die P.U. gedoen moet word ons al byna geheel van die eerstejaars afhanklik geword het. Hierdie toestand van slapheid en lamsakkigheid onder die seniors is in die hand gewerk deur die feit dat hulle al vir jare lank bederf is deur die stelsel van eerstejaars. Die uitwerking wat hierdie talryke verpligtinge het op die akademiese sy van die ontwikkeling van die eerstejaar, word skynbaar vergeet deur die vurige voorstanders van die „ontgroening tot die beswil van die eerstejaars".

Ek kan nog vir 'n lang tyd aanhou om die argumente vir en teen ontgroening op te som en te ontleed. Maar omdat dit al duidelik is dat die argumentasie beswaarlik op suiwer logiese en onbevooroordeelde lyne gevoer kan word, sal ons maar, soos ons op alle ander gebiede van hierdie Universiteit maak, Gods Woord as Archimedespunt neem om van daaruit die probleem te oorsien en 'n moontlike oplossing te soek. In hierdie ryke Bron van kennis sal ons riglyne vind ook vir hierdie probleem. En uit die staanspoor moet ek sê dat ek geen gronde kan vind vir die regverdiging van die standpunt van die Pro-Ontgroeners nie. Ek vind in teendeel daarin iets wat nogal 'n heel ander soort van verwelkoming inhou as om die eerstejaars in 'n ry te laat staan en dan op 'n nie te sagte wyse die name van driehonderd ouhere in hulle in te dril. Dit was nie hierdie soort van „liefde" wat Christus bedoel het toe Hy met sy Nuwe Boodskap gekom het nie, en ons sal eers op hierdie probleem ook die Lig van Gods Woord moet laat val om ons standpunt teenoor die Ontgroening te regverdig. En indien ons geen regverdiging daarvoor kan vind nie, is dit hoog tyd dat ons ook hierdie saak in die reine bring en sal ons in nog 'n opsig die verwyt van onwaardigheid wat so dikwels teen die P.U. geslinger word, kan weerlê.

Ek dank u vir plasing.

Die uwe,
D. C. Coetsee,

,(Die Redaksie onderskryf nie noodwendig hierdie standpunt nie, maar ons sal graag wil hoor wat ons lesers daarvan dink. C.R.)

### KOMMENTAAR VAN DIE S.R.

Dis natuurlik heeltemal onnodig om 'n pleidooi te lewer vir die afskaffing van ontgroening. Trouens, almal wat belangstel in ons studentelewe weet dat ontgroening al jare gelede aan die P.U. vir C.H.O. afgeskaf is. Blykbaar het die skrywer egter die radikaal-verskillende proses wat tans aan die begin van elke jaar plaasvind en wat soms met die tradisionele naam van „ontgroening" vereer word, in gedagte.

Om op hierdie tydstip 'n enigsins volledige antwoord op bostaande brief te gee, is ewemin wenslik as nodig. Boonop is dit minder aangenaam om te veel eie onkunde te openbaar: want ek moet ruiterlik erken dat ek niks weet van die dwang en verpligting wat op eerstejaars uitgeoefen word om byvoorbeeld intervarsity en elke programaand van Korps by te woon nie (Terloops, snaaks genoeg weet die S.S.B.-voorsitter — die man wat aan die roer van die intervarsity-reëling staan — en die Korpsvoorsitter ook niks van hierdie dwinglandy nie). Ook is ek — helaas — onbekend met die slapheid en lamsakkigheid onder die seniors „en die toestand dat ons al byna geheel van die eerstejaars afhanklik geword het."

Ek volstaan dus voorlopig met 'n belofte en 'n woordjie van dank. 'n Belofte: die Studenteraad is tans besig met 'n omvattende ondersoek na die hele aangeleentheid met die eerstejaars: en sodra hierdie verslag gereed is, is hy tot u beskikking, sodat die feite kan spreek waar redenasies en haarklowery weinig vermag. En 'n woordjie van dank aan die skrywer dat hy sake waarteen hy bedenkinge het onder sy mede-studente se aandag bring. Ons waardeer dit!

T. v.d. W.

## Op die S.R.-Tafel

(14 MAART — 10 APRIL)

- Kleure
- Toere: Alabama en Voetbal
- Begrotings
- Datums
- Inter-universitêre korrespondensie
- Diskoteek
- Benoemings
- Roubeklag
- Konstitusies en Huishoudelike Reglemente
- Intervarsity
- Eerstejaars
- Akademiese verenigings
- Metaalwapentjies
- Briefhoofde
- Brosjure-uitslae
- Memorandum
- Kafeteria
- Reglemente van die Studenteraad

P.U. vir C.H.O.

Meneer die Redakteur,

Dit was werklik met skok en verbasing dat ek die doen en late van 'n groep van ons regstudente bemerk het. Ek glo ook dit sal by elke student wat die beginsels en tradisies van ons Alma Mater as 'n kleinnood op die hart dra, hierdie gevoelens opwek.

My klagte teen hulle is dat hulle gedurende die geloofsleer-periode 'n klas gereël het en skynbaar sonder teëstand of gewetensbeswaar dit bygewoon het.


Geloofsleerklas is 'n instelling, indien nie net so oud nie, dan seker byna net so oud, soos die Universiteit self. Onnodig is dit om hier 'n regverdiging of pleitrede te lewer vir sy waarde en bestaansreg. Die unicersiteitsowerhede beskou dit nog as van aktuele betekenis vir die vorming van die studente en daarom dat die rooster ondubbelsinnige voorsiening daarvoor maak. Sien ook wat die Jaarboek op bls. 79 hieromtrent sê. Ook die groot groep studente wat dit bywoon bewys dat dit vir hulle van besondere betekenis en waarde is.

Tot hiertoe het slegs individuele studente met seker 'n verskeidenheid van redes en verskonings dit nie bygewoon nie, maar van georganiseerde verontagsaming was daar nog nooit sprake nie.

Almal wat belang het by die Universiteit is seker dankbaar en trots dat ons ook 'n regsfakulteit besit en ook in hierdie belangrike professie manne kan uitstuur wat die regswetenskap in „U lig" beoefen. Maar as hierdie regsverdedigers nou regsverbrekers word en onverskillig staan teenoor „een van die oudste en seker een van die waardevolste kursusse aan die Universiteit" dan wil dit 'n mens se gedagtes aan die loop sit.

Nee, kom Pukke! Laat ons almal saam maar die ou paaie bewandel. Ons het 'n mooi erfenis — stewig op sy fondament gelê deur kragfigure van geloof en durf — laat ons voortgaan op hierdie weg en hierdie fondament ook ons fondament maak. Alleen dan kan ons van hier gaan om ons land en volk te dien en 'n suiwer stem te laat opklink.

Hein Kruger.




## Successful Presentation of „THE FLASHING STREAM" by N.T.O.

**The production of "The Flashing Stream" by Charles Morgan, which was produced in the Town Hall on the 23rd and 24th of March by the N.T.O., was a brilliant success, both regarding the play, and especially regarding the performance.**

The play is constructed on the theme 'singleness of mind', which means to the dramatist purity of mind, practised equally in as well human emotions as in science. Notwithstanding this philosophic theme, the dramatist does not use the characters as puppets to project his philosophies on, but makes of them living individuals in whom individual conflicts occur. The name of the play, "The Flashing Stream", is the name by which Morgan characterizes the highly individual mind. He describes the individual mind thus:

'I saw a spark
Strike down from heaven, whence a stream was borne
Which, flowing from the zenith to the sea,
Fierce and unswerving as the zeal of saints,
Had yet the saints' reserved tranquility,
And made to earth, its genius unconfined,
The soundless passion of a single mind.

The two people in whom this individuality of mind is represented, are two scientists, Karen Selby and Edward Ferrers. These two work together for navy research to construct a bomb which will follow an object and explode as a result of air vibrations. Being kindred spirits, they fall in love, but when the experiments are unsuccessfull, Ferrers is driven for an instant to insanity. They are given a chance to continue their experiments on condition that they should confess the basic facts on which they worked to be wrong and should adopt other principles to work on. Ferrers could not be unfaithful to 'mathematic truth', however. Karen then for a moment abandons her ideal of 'mathematic truth' by telling that she found a mistake in the basic facts. The company is given permission to continue their research work, after which Karen immediately confesses that she has told a lie. This sacrifice proves that her love is even greater than her faith in mathematics, and thus the play has a happy ending.

**Better solution could be found for love intrique.**

This is indeed a very cerebral theme for a play, but its development is certainly interesting. One point in the play's structure which must be critisized severely, is that the play is not true to its own principle theme: Originally the 'truth in mathematics' and faithfulness in love are taken as two parallels. In the end, however, more stress is laid on the love intrigue, and the principle of 'truth in mathematics' is sacrificed in order that the lovers may find each other. A happy ending indeed! but one cannot help wishing that the writer had found another solution.

Another weak aspect of the play is that in some places it tends to have too little action and too much dialogue.

The players' performance was really outstanding. John Hussey and Magarite Inglis in the main rôles were excellent, and they showed themselves to be great stage personalities. Magarite Inglis did the production as well.

Frank Wise, though he acquitted himself well of the task, presented a character rather strange to his usual stage appearance. He appeard this time in the person of a genial and rather weak admiral who is dominated by his wife. This rôle lacks the spiciness and sharp wit which usually marks Wise's appearance on the stage.

The performance of the two younger players, Ivor van Rensburg and Robert Wilson, can be compared favourably to that of their more experienced colleagues. Especially Ivor van Rensburg's performance was so convincing that he even blushed at the right moment! Very good also were the performances of Alan Chadwick as Carr, Peggy Burt as the very catty wife of the admiral, and Robert Lang as a sharp cynical man.

Compared with "Die wit perde van Rosmersholm" of last year, a play of Ibsen with the same kind of abstract theme, "The Flashing Stream" lacks much of its condenceness and effectiveness of structure, but on the other hand "The Flashing Stream" pleases by its variety of atmosphere. Besides, such a wonderful performance makes up for any imperfections in the play.

# Eve Gettleson verras.

Die P.U. Musiekvereniging het sy werksaamhede begin met 'n puik konsert deur die besoekende violiste, EVE GETTLESON op die 21ste Maart in die Totius-Gedenksaal. Die program en uitvoering het deurgaans 'n baie hoë standaard gehandhaaf en by tye het die toehoorders vir minute lank haar uitstekende spel met luide applous begroet.

Die program was met oorleg saamgestel sodat tegniese vaardigheid sowel as innigheid en emosionele spel goed tentoongestel is. Mej. Gettleson beskik oor 'n uitstekende vingertegniek, behendige strykwerk en 'n vermoë om 'n intense gevoeligheid en warmte van toon in haar voordrag te skep. Dit was veral in Bloch se Nigun wat laasgenoemde eienskap na vore getree het. Ook Saint-Saëns se Rondo Capriccioso en Mozart se Rondo in G het bewys dat Eve Gettleson 'n kunstenares van formaat is. Haar aangename persoonlikheid en gemaklike omgang met mense maak van haar verder 'n kunstenares wat nog lank deur die publiek onthou sal word.

Ten slotte moet daar nog 'n woord van lof tot die knap en simpatieke begeleiding van mnr. Pieter de Villiers gerig word. Die sukses van die uitvoering is tot 'n hoë mate te danke aan sy bereidwilligheid en meesterlike wyse waarop hy hom van sy taak gekwyt het. In elke opsig was dit 'n verfynde en afgeronde uitvoering wat miskien 'n beter ondersteuning verdien het.

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT
teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.
CACHET MODES (EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

Central News Agency Ltd.
CNA
Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorseese Tydskrifte en Koerante.
Kerkstraat 89, Telefoon 114.
POTCHEFSTROOM

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**

Vir die Mooiste
PORTRETTE en RAME
SANLAM-GEBOU

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
**Kerkstraat 38, Potchefstroom.**
**Spoorwegstraat, Klerksdorp**

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!!**

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

# N.J.B. hou Redenaarskompesie.

Tydens 'n geslaagde redenaarskompetisie wat die plaaslike tak van die Nasionale Jeugbond op Donderdagaand 22 Maart in die Studentesaal gehou het, het mnr. Jan Schutte die eerste plek verower. 'n Hoë standard is deurgaans gehandhaaf en die beoordeling is waargeneem deur prof. H. L. Swanepoel en dr. E. A. Venter. Dr. Venter doseer Elokusie aan die Onderwyserskollege.

Sewe redenaars het aan die kompetisie deelgeneem en 'n sekere aantal onderwerpe is vroegtydig aan hulle voorgelê waaruit hulle een kon kies. Mnr. Schutte, wat deur die twee beoordelaars eerste geplaas is, het gepraat oor: „Is Apartheid prakties uitvoerbaar?." Die tweede plek is verower deur mnr. A. P. Brink met 'n rede oor „Die Kultuurhistoriese ontwikkeling van die Afrikaner," terwyl mnr. T. A. Liebenberg derde was. Mnr. Liebenberg se redevoering het gegaan oor „Die plek van die nieblanke in 'n republiek".

Prof. Swanepoel het die inhoud van die toesprake beoordeel terwyl dr. Venter hom meer bepaal het tot die voordrag van die verskillende kandidate. Die finale beoordeling was vir hulle beslis geen maklike taak nie want daar was nie 'n baie groot verskil tussen die pogings van die meeste redenaars nie.

Die Redaksie van DIE WAPAD wil graag langs hierdie weg sy innige meegevoel betuig aan mnr. Hannes van der Walt wat sy broer verlede kwartaal deur die dood verloor het. Aan hom en sy familie bid ons toe die ryke vertroosting van die Heilige Gees.

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
LANGS WELKOM-KAFEE.
Besoek ons vir betroubare werk en spoed!
FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

**JOE'S MOTORS**
25 Kerkstraat Foon 923
HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP TWEEDEHANDSE MOTORS
ONS WAARBORG ALLE HERSTELWERK.

# O.I.O.M.N.M.N.-KLUB

As gevolg van 'n plaaslike tekort aan geskikte planke is daar besluit om 'n plaasvervanger in die plek van die rak te stel. Op 'n vergadering van alle belangstellendes is daar besluit om 'n nuwe klub in die lewe te roep.

Op die eerste vergadering, gehou in „Erdvark Holia", is ten eerste 'n nuwe bestuur gekies. Vervolgens is daar 'n konstitusie saamgestel waarvan die vernaamste artikels is:

Naam: O.I.O.M.N.M.N.-Klub

Leuse: (terwille van tweetaligheid in Engels en Afrikaans):-

1. Ons is oujongnooiens maar nie mannehaters nie.
2. We are in favour of friendship.

Die bestuur het die volgende reëls saamgestel waaraan elke toekomstige lid haar moet onderwerp, sonder uitsondering. (In geval van onluste word toekomstige oujongnooiens, dit is eerstejaars, aangestel om met fietspompe sake te beheer):

1. Voor iemand kys, moet sy die persoon minstens 24 uur ken.

2. Voor iemand 'n kys uitmaak, moet hulle ten minste 7 dae gekys gewees het.

(Hierdie reëls is daargestel ter bevordering van die goeie gees in die samelewing van die amoreusgesindes).

3. Elke lid moet 'n tiekie aan die komitee beskikbaar stel wat in die brandkas, voorlopig 'n miloblik, gehou sal word en gebruik sal word om 'n man te skiet in geval van:
   a. skrikkeljaar.
   b. tydverveling
   c. noodgeval
   d. ensovoorts.

4. Niemand mag sleep tensy goedkeuring van die voorsitter ontvang word nie. — Mans moet asseblief hierop let.

5. Sodra iemand kys, dit wil sê 'n sosiale probleem skep, word sy 'n passiewe lid, en indien die kys vorder, word sy op die agtergrond geskuif.

Toe die reëls dreig om die voorsitster se privaatlewe te nader, het sy die vergadering onder luide vuisgeklap verdaag. Na die sing van die klublied „We are in favour of friendship", is „Erdvark Holia" ontruim.

## DATUMS OM TE ONTHOU

VOLKSPELE:
14, 20, 26 April;
4 en 19 Mei;
2 en 16 Junie;
11, 24, 30 Augustus;
8 en 22 September.

KORPS:
19 April, 7 Junie en 9 Augustus.

A.S.B.:
3 Mei, 14 Junie, 23 Augustus.

DEBAT:
25 Mei, 22 Junie, 17 Augustus

THALIA:
18 Mei, 7 Augustus, 31 Augustus en 7 September.

VREUGDEDAG:
27 en 28 April.

N.J.B.:
5 Mei, 26 Mei, 8 Junie en 3 Augustus.

**W. J. SPAVINS & SEUN**
vir alle
***Elektriese Benodighede***
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 65 — Potchefstroom

VIR . . . . .
**VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ens.**
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
**WELKOM KAFEE**

# Groot Geleerde stel ondersoek in
## na die
# UITSPAN BAAISIEKÊL - HÊNNIEKÊP

Die Porreskondent van die WAPAD het die voorreg gehad om 'n onderhoud te verkry met Prof. E. K. WIET-ALS B.A. (S.A.) S:I:E:K: (AMST.) E.L. (JERUSALEM). Die geleerde heer het met behulp van 'n beurs aan hom toegeken deur die T.S.V. (Thabajah Skinder Vereniging) oordam gegaan om navorsing te doen i.v.m. die U.B.H.

Hy het die **Spykerskrif** op 'n ou skotperf deur die Analities-Neweskikkende metode ontleed en tot die vol-



DIE STRAFDRAERS IN DIE JAAR 0044:
V.l.n.r. Magog (timekeeper), Shotgun Killer (afskieter), Whiskey Joe (Grasshopper), Madame Vleisie-Belustig-Skwies-Mie-Kwiek (Burgemeesteres), Abie Busnies (President), Prof Dr. Kaasje Struis Vogel (Besoeker)

gende Progressief-Imperialistiese standpunt gekom. Hy het die skotperf in 'n uitgewerkte vulkaan naby Thabajäh geontdek.

**DIE JAAR 009:** Die Hênniekêp is in hierdie jaar vir die eerstemaal gehou **BRANDRé INK** het die eer gehad om laaste te kom in die stadige tyd van 1 maand 2 dae 3 uur en 5.6 min. Die afstand was 20 el 6 furlong.

**DIE JAAR 0013:** Nou was dit alreeds 'n vaste instelling. Dit was egter 'n baie ongelukkige jaar omdat **PAMEDI ROLLIUS**, wat laaste was, gediskwalifiseer is omdat hy 'n B.S.A. engine in sy onderbaadjie-sak gehad het en die wind ook van voor gehad het. Die rekord is vandag nog nie er-

**DIE JARE 0013 — 0041:** In hierdie tydperk kon die Hênniekêp nie plaasvind nie vanwege die na-oorlogse

ken nie.
skaarste aan Baaisiekel-kittangs. Dit was ook in hierdie tyd wat die **VITAALSE REWOLUSIE** plaasgevind het, en die kittang-nywerheid oorheers is deur die VITAALSE VAKBONDE.

**DIE TYDPERK 0041—0042:** In hierdie tydperk was die Puk besig om sy paaie te teer en kon die Hênniekêp ook nie plaasvind nie. Bowendien was die OUdames gehek en daar geen inspirasie vir die OUhere nie (die Dore was toe nog nie op die Puk nie).

**DIE JAAR 0044:** Die jaar staan in die annales opgeteken as die jaar vir die emansipasie van die vrou. Die Hênniekêp is toe verloor deur Mej. **STAGIETA MOKER.** Haar rekord

vii KYS-AANSOEKE daarna staan nou nog.

**DIE TYDPERK 0044—0059:** Intussen het toestande begin versleg. 'n Koue Oorlog het geheers tussen Thabajäh en Heimat. Bowendien het die Stadsraad ook begin paaie teer. Die grens tussen Thabajäh en Heimat is streng bewaak deur die Ogpoe, terwyl die OUdames deur GAIPISTIESE AGGRESSORS agter die YSTERTRALIES van Thabajäh mishandel is. 'n Geskikte terrein kon dus nie gevind word nie. Propaganda-kommunikasies is ook afgesny deur die "ONE-WAY TRAFFIC" na die Drerout-Hukpers.

**DIE JAAR 0059:** Intussen was hierdie jaar die merkwaardigste tot dusver. In hierdie jaar het **KREET PUGER** 'n KONDENSMELK-Blikkie verower vir 'n heldhaftige poging. In sy aanslag op die Hênniekêp-rekord het hy in die trein vasgejaag (Hy is nou nog in die Hospitaal; d.w.s. die trein). Die S.R. (STUPID ROGUES) het hom die Ere-Burgerskap van die Puk hieroor ontsê.

**DIE JAAR VAN DIE VUUROS:** Gegewens oor hierdie jaar het vir die Geleerde Heer 'n bietjie dubieus gelyk. Hy is nog besig om die betroubaarheid na te gaan. Dit lyk vir hom baie na Fiksie en sal later sy bevindings hieroor bekend maak.

## Nuwe Uitgawes
### van
## HIS MASTER'S VOICE

Silent Love. — **Joan Aucamp.**

By the Light of the Silvery Moon.— ...**Hessel Dykstra.**

Love walked in. — **Marlene Human.**

Four Walls around me.—**Ansa Bingle.**

Happy Days and Lonely Nights — **Annemarie Snyman.**

When your Lips toutch Mine — **Bettie Linde.**

If Hearts could Talk. —**Ester en At.**

I'll take you home again, Kathleen— **Don Human.**

**Tjaart van der Walt:** Don't stay away too long.

**Tokkelok:** I've got so many million Years.

**Pieter Kriek:** O, for the Life of a cricket.

**Elmien Duvenage:** Ek stoor my Liefde net vir jou.

**Nokkels Fourie:** Die Vrolike Oujongkêrel.

He's a Rockin' Horse Cowboy: **Vulliejie.**

**Frik Terblanche:** Four Season Sweatheart.

**Yvonne Roux:** Somebody Loves Me.

**Ben Potgieter:** Ain't Misbehaving.

**Magarite Zerbst:** I Want to be Evil.



BY DIE WEGSPRINGPLEK: DIE JAAR 0013:— V.l.n.r. Alexander die Kleintjie, Joe Paloeka, Bismater III, Die gemaskerde Sopbeen.

# THEOS SPEEL WINDMAKER-RUGBY

**Die Theos-voetbalspan het tydens die pasafgelope vakansie 'n baie suksesvolle toer deur die Oos-Transvaal van stapel gestuur waartydens die spelers nie alleen skitterende rugby gespeel het nie, maar ook 'n aangename gees geopenbaar het en 'n aangename tydjie gehad het.**

Met die neerlaag teen Kollegians nog vars in die geheue, het die toerspan skitterend reggeruk en vir aldrie die wedstryde klinkende oorwinnings behaal.

Die Pukke het eerste kragte gemeet teen Nelspruit wat gespog het met die Junior-springbok Victor Wilkens in hulle midde. Die ligte voorspelers van Theos het weliswaar bra swaar gelewe teen die groot manne van Nelspruit, maar hulle het tog sodanig hulle man gestaan dat 'n oorwinning van 18—0 behaal is. Die punte is aangeteken deur: Nokkels Fourie (2 drieë), Blom (1 drie), Don Human (1 drie), Lang Stonie (1 drie en 'n trafskop).

Op Middelburg het Theos weer goed vertoon deur die swaar tuisspan 11—3 te klop. Stoffel de Beer het hier twee drieë behaal, en Cecil Harrington een wat vervyf is deur Lang Stonie. Hoewel die voorspelers aanvanklik weer swaar geleef het teen Witbank vir die laaste wedstryd van die toer het hulle mettertyd deur goeie samespel, die oorhand gekry, ook in die vasteskrums en lynstane. Anders as wat die groot telling van 29—5 in die Pukke se guns mag aandui, was hierdie ook die hardste wedstryd van die toer. Drieë is aangeteken deur Blom (2), Harrington (1) Steinberg (1), Peet Coetzee (1), Nokkels (1), terwyl Stonie twaalf punte met die voet aangeteken het.

BAIE DRIEË KENMERKEND.

**Baie opvallend van die toer is die baie drieë wat daar gedruk is deur die Pukke. Uit 'n totaal van 58 punte is 42 deur drieë aangeteken. Die feit is nie alleen opvallend nie, maar is ook 'n baie verblydende teken wat mens sommer met optimusme vervul vir die komende seisoen.**

Dit is moeilik om enige van die spelers uit te sonder, maar onder die voorspelers was dit oudergewoonte Lang Stonie Steenkamp wat altyd voor was, wat altyd bestendig gespeel het en wat sy span skitterend aangevoer het. Baie verblydend was die feit dat Blom weer sy ou vorm herwin het en mens kan baie van hom in hierdie seisoen verwag. Billy Duvenhage en Cecil Harrington het goed gekombineer en het goeie stukkies werk gelewer en veral Billy se breekslae was 'n lus om te aanskou. Die agterlyn was altyd vol planne en het duidelik genoeg slaankrag. Die toerspan was as volg:

Voorspelers: Lang Stonie Steenkamp, At Engelbrecht, Ferdi van Zyl, Piet Steinberg, Peet Coetzee, Bussie Bothma, W. Putter, Rooi Bekker, Hartzer en Pierre Maritz.

Agterspelers: Hendrik Erasmus, Blom, Don Human, Nokkels Fourie, H. v.d. Walt, Harrington, B. Duvenhage, Chriso Steyn en Stoffel de Beer.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"
Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt
KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"
Kopiereg RA136 XZZ

# WEER SULKE TYD

Nou dat dit amptelik bekend is, kan ons met vreugde aankondig dat die jolige tyd, te wete Vreugdedag, weer vinnig besig is om nader te kom. Vanjaar word spesiaal twee datums daarvoor afgestaan, naamlik 27 en 28 April. Op die 27e April sal Parys binnegeval word en op die 28e April sal al wat Puk is in Vreugdedagtooi en feesstemming tesame met 'n aantal sierlike vlotte deur die strate van Potchefstroom opruk.

Vreugdedag sal vanjaar die vorm aanneem van 'n adventensie-optog waarin hoofsaaklik plaaslike besighede geadverteer sal word. Dit is ook die oogmerk van die Vreugdedagkomitee om om en by die twintig vlotte in die veld te stoot. Om hierdie rede word daar dan ook vanjaar heelwat meer geld aan die vlotte bestee om sodoende ook puik vlotte te voorskyn te laat kom. Ook sal wedstryde waarby pryse uitgeloof word, aan twee verskillende tydskrifte gestuur word

Wat die vlotte self betref, sal die Alabama Studente-orkes soos gewoonlik verantwoordelik wees vir die musiekvlot en die teologiese studente vir die twee hoofvlotte. Laasgenoemde twee vlothoofde is reeds aangewys deur die Teologiese Studentevereniging. Verder het die Alabama en Thalia goedgunstiglik ingewillig om vanjaar 'n konsert te hou ten bate van die Vreugdedagfonds.

**'n Opvallende kenmerk van vanjaar se Vreugdedagvierings is dat die pryse wat uitgeloof word, heelwat hoër as in die verlede is. Die eerste prys wat uitgeloof word vir die beste vlot, is £5, die tweede prys £2—10s. en die derde prys £1. Die eerste prys vir die beste kostuum is £2—10s., die tweede prys £1 terwyl die derde prys 10/- bedra. Gedurende die kwartaal kan daar nog kollektelyste verkry word en hier is die kommissie ook heelwat opgeskuif. Vir £15 beloop dit £1—10s., vir £20 £3, £3—10s. vir £25, £4 vir £30, £5 vir £35 en £6 vir £40.**

Ons sien uit na 'n week waarin die akademiese sy 'n tweede plek sal inneem, want natuurlik gaan al wat Puk is vanjaar heelhartig deelneem aan die Vreugdedagvierings. Aan mnr. Peet Duvenage en sy ywerige gevolg wil ons alle voorspoed en sterkte toewens.

SONSKYN KAFEE
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM

VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE,
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.